PD SAAMBRINGLYSIES

Om spesialisasies doeltreffend te kan afhandel volgens die voorgeskrewe vereistes in die PD Spesialisasie Handleiding, vra ons u om baie mooi te let op die onderstaande sodat die kind nie in verleentheid kom as die nodige nie gedoen of saamgebring is nie. Dankie vir u samewerking!

AANTREK - almal, kinders en volwassenes – korrekte aktiewe Voortrekkerdrag met regte kleur donkerblou warmdrag sou dit nodig wees. Gr 1 en 2 wat nog nie het nie, mag spandrag aantrek.

GR 1 – JNR KOK

NB Kommando's moet asb genoeg meelopers saamstuur, ten minste een vir elke 8 kinders, om toesig oor kinders te hou, help waar nodig met warm goed en te help met dissipline tydens die aanbiedings.

Die volgende word voorsien:

Tafels met sitbankies vir kinders. Offisiere moet asb hul eie stoele bring om op te sit.

Stofies en Al die bestandele wat tydens die spesialisasie gebruik gaan word – kinders maak hul eie kos deur die loop van die oggend ook hul eie middagete.

Houer met koeldrank

Skottel met water om hande te was en Skottel om skottelgoed in te was.

KINDERS MOET DIE VOLGENDE SAAMBRING: merk asb duidelik met naam op

1. Vir elke 3 kinders een pan vir roereiers.
2. Elke kind bring eie eierspaan of houtlepel om roereiers om te roer en uit te skep.
3. Elke kind moet eie lappie bring vir skoonmaak.
4. Bring eie skottelgoedseep, afdroogvadoek, sponsie en skuurdraad.
5. Een rasper vir elke 3 kinders in span.
6. Elke span bring eie tafeldoek vir tafel. Daar kan 8 kinders by 'n tafel sit.
7. Een blikoopmaker vir elke 3 kinders in span.
8. Elke kind moet eie bord, beker, mes, vurk en lepel saambring.
9. Indien verkies bring eie tafelversierings vir dek van tafel.
10. Inkleurkryt om plekmatjies (word voorsien) in te kleur.
11. Elke kind bring 'n eenvoudige, kan selfgemaak wees, kokhoed en voorskoot. Kokhoede kan gemaak word voor verrigtinge begin vir kinders wat nie kokhoede het nie.
12. Pritt om prentjies op spyskaart te plak.

GR 2 – DIEREWAARNEMING – Bring saam:

- prente van 5 insekte, 5 wilde diere, 5 voëls en
- 'n leë A3 of groter plakkaat per span om saam 'n plakkaat te kan maak, meer as 1 vir groter as so 6 in span
- 'n Gewone papierbord.
- Jou potlodesakkie, inkleurpotlode, koki's, gom, skêrtjie, enigiets ekstra wat jy het, om plakkaat te versier.

GR 3 – SPOORKENNIS - Bring saam:

- NB ‘n waterbottel om saam te dra, ekstra 2liter water word aanbeveel vir bergstap
- NB trek stewige veldstapskoene aan, hoed, sonbrandmiddel,
- Jou pille as jy allergies is vir bysteek , jou asmapompie
- Salfie vir insekbyt, bietjie pleister per span vir moontlike klein ongevalle op staproete

GR 4 – ABO Jnr -- sien aparte inligting vir hierdie spesialisasie NB!

Gr 4 – GESTREMDHEDE - Bring saam

Potlodesakkie met skryf en inkleurgoed , papierskertjie, pritt
‘n Bybel vir elke kind

GR 5 – VOLKSKENNIS – DELWERYE (DIAMANTE) Bring saam

- ou karton, boksies, toiletrolletjies, stokkies, strooitjies ens om model van delwersdorpie (amper soos plakkerskampies) mee te bou tydens kursusperiodes
- potlodesakkie, inkleurpotlode, koki’s, gom, skêrtjie, enigiets ekstra wat jy het, om te help om bg. aanmekaar te sit

VERKENNERS sien aparte lys asb.